

## **Hoofstuk 6 Slotbeskouing**

### **6.1. Inleiding**

Die navorsing oor die geselekteerde groep Swanepoels in Suid-Afrika was veral vir die navorser in sy persoonlike lewe betekenisvol, aangesien die primêre doel daarmee 'n wetenskaplik gefundeerde navorsing en boekstaving van 'n voorheen ongeverifieerde genealogiese stamboom en 'n oorsig van die wel en weë van die bepaalde familie binne die breër Suid-Afrikaanse geskiedenis was.

Pieter Jansz Swanepoel se vestiging, sy nakomelinge en hulle lewensverloop binne die voorafbepaalde tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis is nagevors, geverifieer en opgeteken om die familie se ontwikkeling en rol binne hul onderskeie gemeenskappe as anker en rigtingwyser aan huidige en toekomstige geslagte na te laat.

Wyer perspektief is op die ervarings en leefstyl van soortgelyke Suid-Afrikaanse families in die afgebakende tydperk verkry, terwyl die impak van historiese tendense op die geïdentifiseerde familie sowel as die breë samelewing opgeteken en vertolk is.

### **6.2. Samevatting**

#### **6.2.1. Die plek en betekenis van die gewone mens van koloniale herkoms**

Die historiese oorsig toon dat die lewenswyse van die Swanepoel-familie nie uniek in die vormingstyd van die Suid-Afrikaanse volk was nie. Hulle kan as 'n tipiese koloniale familie wat binne 'n nuwe geografiese ruimte tydens die periode 1698 tot 1906 moes akkultureer gesien word.

Die naam Nieuwmunster wat die Suid-Afrikaanse stamvader Swanepoel aan die weiplaas gegee het, is dieselfde as die naam van sy geboortedorp in Wes-Vlaandere. Hierdie naamgewing is 'n aanduiding van die stamvader se verbondenheid met sy Europese verlede.

As Suid-Afrikaanse familie van Europese oorsprong was die Swanepoel-familie deel van die geskiedenis van kolonialisasie. Só het die diefstal van 70 skape en 13 beeste tot 'n skermutseling tussen Pieter Jansz en die Khoi-Khoi gelei en by geleentheid veroorsaak dat hy met 'n assegaai in die bobeen gewond is. Pieter Swanepoel (derde geslag) se naam kom ook in argiefstukke van Stellenbosch voor as 'n persoon wat tussen 1736 en 1744 op kommando veldtogte uitgegaan het.

Vanuit 'n Eurosentriese perspektief is herkoms, rassuiwerheid en Christenskap kernkriteria in die bepaling van identiteit. Gedurende die 150 jaar na Jan van Riebeeck se koms het bloedvermenging tussen nedersetters en slawe op so 'n groot skaal voorgekom dat min, indien enige Suid-Afrikaanse familie met voorouers uit daardie jare, aanspraak kan maak op suiwer blanke bloed. Soos die saamgestelde stamboom aandui, is die nageslag van Pieter Jansz Swanepoel verweef met dié bloedlyn van 'n Indiese slavin nadat sy kleinseun, Pieter, met Martha Elizabeth Botha, die agterkleindogter van die Oosterse slavin, Catharina van Malabar, getroud is.

### **6.2.2. Die invloed van die kerk op die koloniale samelewing**

Weens die Protestantse geloof aan die Kaap het kerke en kerklike meelewing 'n integrale deel van die leefstyl van die koloniste gevorm. 'n Bepaalde Christelike leefstyl is deur die uitbreiding van die land se grense die binneland ingedra. Die rol wat die drie susterskerke gespeel het in die leefstyl van Pieter Jansz Swanepoel en sy nasate is nagegaan en daar is bevind dat hulle nie gereeld hul gemeentes kon besoek nie en dat kerkbesoeke beperk was tot nagmaal, troues en die doop van hulle kinders.

Die Protestantse geloofsoortuigings van die kolonistetyd het vandag nog 'n impak op die breë bevolking van die land. Hierdie geloofsoortuigings kom sterk na vore met die gelofte voor die Slag van Bloedrivier, waarvan Jan Gerritze Bantjés (sr.) en Willem Jacobus Swanepoel deel was. Die Swanepoels het binne die beperkinge van die omstandighede met die kerk as anker in hulle lewens Christelik meegeleef.

Hierdie navorsingsprojek het bevestig dat die verbintenis met die kerk as plek van aanbidding en saamkomplek van belyers 'n karakteristieke eienskap van die lewens- en wêreldbeskouing van Pieter Jansz Swanepoel en sy nakomelinge was. Christelike meelewing was en is 'n onlosmaaklike deel van dié familie se grondslag en lewensloop in Suid-Afrika.

Onderrig en opvoeding binne historiese en sosiale konteks is nagegaan en daar is bevind dat Pieter Jansz Swanepoel en sy nageslag redelik goed kon skryf, wat 'n aanduiding is dat hy skoolopleiding van die een of ander aard moes gehad het. Dit wil voorkom asof die onderrig van die Swanepoel-kindere 'n prioriteit was, aangesien hy, soos talle koloniste, gedurende die tydperk Februarie 1729 tot Februarie 1730 'n privaat skoolmeester gehuur het om hulle te onderrig. Christelike norme en leerstof was die kern van jongelinge se opvoeding.

### **6.2.3. Die invloed van bloedvermenging op die familie**

Die geografiese uitgestrektheid en onherbergsaamheid van die land, die koloniste se Europese herkoms en leefstyl, sowel as die uitlewing van 'n Christelike lewensbeskouing was faktore wat tot ondertrouery in die Swanepoel-familie gelei het.

Abraham Christoffel Johannes Swanepoel (sr.) en Hendrik Jacobus Swanepoel se omswerwing is by die navorsing betrek omdat hulle kleinkinders, Pieter Andries Swanepoel en Maria Jacoba Swanepoel (vierde geslag), met mekaar getroud is. Dit het nie net tot 'n hegte familie nie, maar ook sekere genetiese erflikheidseienskappe bygedra.

Gebeure vanaf 1795, waaronder die twee Britse besettings van die Kaap gedurende 1795 en 1806 onderskeidelik, uitbreiding van die koloniale grense, aanhoudende aanvalle deur die Xhosas, terreur van die Boesmans, erkenning van Engels as die amptelike taal, die afskaffing van slawerny en die behoefte na meer weiveld was aanleidende oorsake tot die Groot Trek. Abraham Christoffel Johannes Swanepoel was deel van 'n ekspedisie na die noorde saam met Andries Potgieter. Hy het na Potchefstroom getrek en hom daarna in die Lichtenburg-distrik as boer op die plaas Doornfontein gevestig.

Willem Jacobus Swanepoel se huwelik in 1832 met sy halfsuster se dogter, Isabella Jacoba Bantjés, is weer eens bewys van die invloed van die historiese milieu op gesin- en gemeenskapsamestelling en relevant vir dié familienavorsing.

Willem het nie net met 'n bloedverwant getrou nie, maar sy vrou was ook die nageslag van 'n anderskleurige. Hul huwelik, hoewel nie uniek in Kaapse families in daardie era nie, bevestig en beklemtoon die rol van ondertrouery en introuery in die uitbreiding van die sogenaamde “blanke” bevolking tydens die totstandkoming van die drie Boere-republieke en in die aanloop tot die driejarige-oorlog.

#### **6.2.4. Die impak van historiese gebeure op die familie**

Die betrokkenheid van Pieter Andries Swanepoel en Maria Jacoba Swanepoel gedurende die totstandkoming van die Boere-republieke kon nie in detail nagevors word nie. As deursneeburgers was hulle leefstyl en aktiwiteite nie so ingrypend dat dit in die argiewe van hulle tyd opgeteken is nie. Die algemene geskiedkundige gebeurtenisse binne hulle leeftyd en geografiese ruimte is wel as aanloop tot die omswerwinge van hulle kinders tydens die Anglo-Boereoorlog nagevors. Die gebrekkige boekstaving van relevante gegewens in die tydperk waartydens die Boere-republieke gevestig is, was bepaald 'n belemmerende faktor vir hierdie navorsingsprojek.

Die vyf dogters en twee seuns van Pieter en Maria was almal op een of ander wyse aan die Anglo-Boereoorlog blootgestel en die oorlog het 'n vernietigende effek op hulle

gesinsamestelling en oorlewingsmiddele gehad. Die Britse “verskroeiende aarde-beleid” en die internering van vroue en kinders in die konsentrasiekampe was van die wreedste vergrype teenoor ’n land en sy mense kan gebeur. Die lewensverlies van mans, vroue en kinders het ’n groot impak gehad op die ontwikkeling van Suid-Afrika. Hierdie oorlog het verwoesting gesaai onder die bevolking in die algemeen en die Swanepoel-familie (in die besonder) was hierdie traumatiese gebeure nie gespaar nie.

William Henry Cooks, die man van Sussara Susanna Cooks (Swanepoel) is op 15 Januarie 1901 op die plaas Haakboslaagte deur die weerlig getref terwyl hy saam met generaal De la Rey op kommando was. Sussara (ook genoem Sannie) en haar kinders is in die Klerksdorp-konsentrasiekamp geïnterneer.

Andrew Peter Cooks, die man van Rachel Helletje Cooks (Swanepoel), het as berede polisieman op Kadetberg op die plaas Slingerfontein in die Colesberg-distrik gesneuwel. Rachel en haar kinders is in die Klerksdorp-konsentrasiekamp geïnterneer en later oorgeplaas na die Merebank-konsentrasiekamp in Natal. Rachel is in 1906 oorlede as gevolg van ’n siekte wat sy in die kamp opgedoen het en het haar twee kinders, James- en Pieter Cooks, wees agtergelaat. Haar ma, Maria Jacoba, moes met die twee wesies hulle toevlug tot die plaas Vaalbank (66) neem waar haar oudste dogter, Isabella, en haar man, Willem Hartzler, gewoon het. Die een wesie, James, is later in die Abraham Kriel-kinderhuis opgeneem.

Willem Hartzler en Isabella (Swanepoel) se huis is afgebrand en sy en haar tien kinders is in die konsentrasiekamp op Klerksdorp geïnterneer, terwyl Willem op kommando was.

Martha Swanepoel (Swanepoel) is met Hendrik Swanepoel getroud. Sy is saam met haar kinders in die Klerksdorp-konsentrasiekamp geïnterneer en later oorgeplaas na die Merebank-kamp. Een van haar dogters het in die Klerksdorp- en die ander een in die Merebank-konsentrasiekamp gesterf. (Hendrik is die nageslag van die sewende kind van Pieter Jansz Swanepoel, die stamvader, maar alhoewel hy nie deel is van die geselekteerde

Swanepoel vertakking wat beskryf is nie, is daar volledigheidshalwe 'n beknopte beskrywing van sy voorsate, asook 'n stamregister in die verhandeling ingevoeg.)

Maria Jacoba Swanepoel (Miemie) is met Gert Swanepoel, die halfbroer van Hendrik, getroud. 'n Beknopte beskrywing van sy voorsate, asook 'n stamregister is in die verhandeling ingevoeg.

Willem Swanepoel is op 11 Oktober 1869 gebore en met Anna Maria Jacoba (Tant Annie) Hartzler, Willem Hartzler se suster, getroud. Willem het saam met generaal De La Rey geveg, hy is gevange geneem en in Ceylon geïnterneer.

Abraham se betrokkenheid in die oorlog is nie bekend nie. Voor die uitbreek van die oorlog was Abraham 'n sersant in die berede polisie van die ZAR en die familie was woonagtig in Vrededorp, Johannesburg. Hy het na die oorlog kompensasie geëis en daarom kan aanvaar word dat hy ook aan die oorlog deelgeneem het. Anna Gesina is saam met die jongste ses van haar sewe kinders in die Mafikeng-konsentrasiekamp opgeneem. Sy sterf in die konsentrasiekamp en op haar kampdoodsertifikaat is die oorsaak van haar dood as pneumonie en geelsug aangedui. Ellende en armoede was die nagevolge van die oorlog en het 'n geweldige invloed op die verloop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gehad, maar vorm nie deel van die verhandeling nie. 'n Karakteristieke eienskap van die Swanepoel-familie was die wyse waarop die verskillende gesinne mekaar in tye van nood bygestaan het. Die ondersteuningsrol wat die Swanepoel- en aangetroude families teenoor mekaar gespeel het voor, tydens en kort ná die oorlog is noemenswaardig. Mondelinge oorlewering dui daarop dat die familie deur dik en dun saamgestaan het.

Die gewone mens, soos verteenwoordig deur die geselekteerde vertakking van die Swanepoel-familie, het 'n plek en betekenis in die verloop van die historiese gebeure tussen 1698 en 1906. Dit is my beskeie mening dat die lewensloop en ontwikkelingsgeskiedenis van die Swanepoels 'n tipiese voorbeeld van die leefstyl binne die algemene samelewing was en 'n groot rol in die vormingsproses van die Afrikanervolk gespeel het.

Die betrokkenheid by historiese gebeure sedert die aankoms van die stamvader het sy merk op die familie gelaat, maar was nie uniek in die omstandighede en lewenswyse tydens die vorming van die Suid-Afrikaanse volk nie. Die Swanepoel-familie kan gesien word as 'n tipiese voorbeeld van wat gebeur het met families tydens die periode onder bespreking, derhalwe word die doelwitte, soos in hoofstuk 1 aangedui, kortliks geëvalueer.

### **6.3. Evaluering van navorsingsdoelwitte**

Die herwinning, ordening en dokumentering van die genealogiese materiaal vir hierdie navorsingsprojek is vanuit 'n verskeidenheid bronne oor 'n tydperk van meer as dertig jaar gedoen. Geen steen is onaangeraak gelaat om gegewens in te win, dit te verifieer en 'n volledige genealogiese stamboom saam te stel nie. Gesprekke met die ouer familielede, familie-byeenkomste, besoeke aan argiewe, begraafplase, museums, die internet en die bestudering van geskiedkundige literatuur is gerekordeer (verwys na die bronnelys). 'n Privaatargief is saamgestel waar die familie-dokumentasie ordelik gerangskik is en bewaar sal word vir die nageslag. Benewens die algemene historiese literatuurstudie wat onderneem is en die raakpunte met die ontwikkelingsgeskiedenis van talle Afrikaanse families wat aangetoon is, is die wetenskaplik gefundeerde en gedetailleerde stamboom van dié spesifieke vertakking van die Swanepoel-familie die belangrikste mylpaal wat bereik is.

### **6.4. Gevolgtrekking**

Twee soorte introuery is in die navorsing uitgelig, naamlik troues tussen Indiese slavinne en vryburgers en troues tussen familielede. Die historikus, F.A. van Jaarsveld, beweer dat daar ongeveer sewe persent anderskleurige bloed in die nageslag van die ou blanke Kaapse families se are vloei. Van die vrygestelde slawe en hulle kinders is geleidelik in die blanke gemeenskap opgeneem. Die res, wat later as die "Kaapse Kleurlinge" of bruinmense bekend sou staan, het 'n eie gemeenskap in die Wes-Kaap gevorm, waar hulle 'n groot bydrae tot die land as geheel maak en draers is van Kaapse Afrikaans.

Die persepsie dat van die bruin mense met prominente ou Kaapse vanne die familienaam van die familie vir wie hulle sou werk, aangeneem het, is slegs gedeeltelik onwaar.

Verskillende navorsers het hierdie stelling bevestig en hierdie navorsingsprojek het bevestig dat die kleurlinge nooit uitgesluit moes gewees het van die sogenaamde blanke bevolking van die land nie. Hulle posisie is in die verlede (en word selfs vandag nog) verkeerd hanteer en sal geslagte neem om te herstel.

Pieter Swanepoel (eerste geslag) se huwelik met die nageslag van 'n Indiese slavin en sy kleinseun, Willem Swanepoel, se huwelik met sy halfsuster se dogter, Isabella Bantjés, is tekenend van die problematiek en kompleksiteit van introuery en word binne die omvang van hierdie navorsingsprojek volledig uitgewys. Isabella se pa, Jan Bantjés, kom ook uit die voorgeslag van 'n Indiese slavin. Hierdie is net twee voorbeelde binne een familie om die rol van introuery te illustreer.

Die impak wat introuery op genetiese siektes in families het, is gedeeltelik bekend en behoort verder nagevors te word. Die vraag word dikwels gevra of sodanige ondertrouery tussen familielede die oorsaak is dat sekere siektetoestande soos kanker, hoë bloeddruk, hartkwale, hoë cholesterol en porfirie in spesifieke families voorkom. Hoewel dit nie 'n navorsingsdoelwit was nie, was dit opmerklik tydens die data-insameling dat siektetoestande soos hoë bloeddruk, suikersiekte en hoë cholesterol algemeen in die Swanepoel-familie voorkom.

Die samestelling van 'n genealogies korrekte stamboom (soos wat in hierdie studie saamgestel is) binne die konteks van bepaalde historiese eras dui die impak van gebeure op 'n bevolkingsgroep se kollektiewe bewussyn, menswees en leefstyl aan. Tydens onderhoude en in die literatuur het die moontlike invloed van langdurige stresblootstelling van die Afrikaner tydens die Anglo-Boereoorlog telkens na vore gekom. Hedendaagse transdissiplinêre navorsing oor die trauma van die oorlog impliseer dat dit permanente DNS-versteurings kon veroorsaak het, wat die wydverspreide voorkoms van kliniese depressie by na-oorlogse Afrikaners kan verklaar. Verbande tussen siektetoestande en die genetica van lyers word telkens aangedui, maar regverdig verdere diepgaande studie.

Die dokumentering van bekende historiese kernmomente en die invloed daarvan op die Swanepoel-familie het aangedui dat die nederige begin van die Vryburgers se veeboerdery,



wynmakery en saaiboerdery tot gevestigde boerderysektore ontwikkel het, wat 'n beduidende bydrae tot die land se inkomste en voedselvoorsiening gelewer het. Die Swanepoel-familie het oor die afgelope eeu hulself op talle ander terreine laat geld, maar erken steeds hulle historiese wortels as landbouers.

Hierdie navorsing bevestig dat epidemies, konfliktsituasies en introuery werklikhede was wat die ontwikkeling van die land by tye gekniehalter het en 'n bepalende rol in die bevolkingsamestelling gespeel het.

Die Anglo-Boereoorlog, die Britse “verskroeiende aarde-beleid” en internering van vroue en kinders in die konsentrasiekampe het siektes laat uitbreek waaraan duisende vroue en kinders gesterf het. Die lewensverlies van mans, vroue en kinders het 'n groot impak op die ontwikkeling van Suid-Afrika gehad. Die verwoesting het dekades geneem om te herstel, maar die gebrek aan afsluiting van die psigotrauma is aan die nageslag oorgedra.

## **6.5. Aanbevelings**

Hierdie studie betrek die nageslag van James Cooks, die navorser se Suid-Afrikaanse stamvader. Dié navorsingsprojek skets die verbintenis van die Cooks- en Swanepoel-families en die agtergrond waarteen die seuns van James Cooks, hul lewens verloor het.

Dit is nie algemeen bekend om watter rede James Cooks hom in 1850 na sy omswerwinge in Engeland, Ierland en Amerika aan die Oos-Kaap gevestig het of wat sy verwantskap met kaptein James Cook, die seevaarder, was nie. Die oorsprong van die Cook/Cooks-familienaam en hulle bydrae tot die vroeë Britse geskiedenis is ook nie wetenskaplik nagevors en gedokumenteer nie. Daar bestaan tans nie 'n volledige stamregister van die Suid-Afrikaanse Cooks-familie nie en derhalwe word aanbeveel dat navorsing oor die Cooks-familie vir die graad PhD in familiegeskiedenis gedoen word om dit vir die nageslag te bewaar en aan te dui hoedanig die wedersydse kulturele beïnvloeding tussen uiteenlopende groepe tot 'n nuwe lewenspatroon aanleiding gegee het.

## 6.6. Slotsom

Die familiegeskiedenis van die geselekteerde vertakking van die Swanepoel-familie loop parallel aan die breër Suid-Afrikaanse geskiedenis. Hierdie verhandeling vul bestaande, nagevorsde inligting rakende die rol en leefstyl van Afrikaner-pioniersfamilies aan. Die studie se primêre waarde lê in die samestelling van 'n volledige stamregister van die geselekteerde Swanepoel-familie en hulle chronologiese lewensverloop en leefstyl oor die geïdentifiseerde tydperk.

Die navorser het hierdie studie aangepak ten einde sy eie herkoms te bepaal en om aan sy nageslag 'n geskrewe verslag van hulle voorsate se omswerwinge (as deel van 'n bepaalde bevolkingsgroep) te boekstaaf.

Die invloed wat die voortdurende verskuiwing van grense vanaf die Kaap tot in die noordwestelike binneland, konflik en heropbou op dié spesifieke vertakking van die Swanepoel-familie gehad het, is merkwaardig weens die buigzaamheid en deursettingsvermoë wat geïllustreer is. Die historiese navorsing oor dié spesifieke familie en hul ontwikkelingsgeskiedenis is 'n funksionele weerspieëling van die proses van akkulturasie in Suid-Afrika.